

## Nabetragting Boodskap Sondag 20 September 2020

**Maandag:** Dink na oor die eksodus gebeure – lees gerus die gedeeltes in Eksodus hoofstukke drie tot vyf. Daar is 'n paar belangrike aspekte om raak te sien: Die God van die Aartsvaders wat waarneem wat gebeur op aarde en betrokke raak deur mense te inspireer om sy wil uit te voer en veral om sy beloftes na te kom. Wat geld vir Josef se nageslag, geld vir een en elk. God neem waar wat jy beleef, tree in deur sy Gees en Woord op verskillende maniere, ook deur mense betrokke te maak, ook om sy beloftes wat geld na te kom.

**Dinsdag:** Dink na oor wat en wie God is. Toe Moses vir God by die brandende bos gevra het wat Sy naam is, het God geantwoord Hy is wat Hy is. Wat sou so 'n Naam beteken? God is Issende, Hy is net. Hy is orals, Hy weet van jou. Hy ken jou volledig. Hoe is jou verhouding met God? Leef jy net elke dag of om te oorleef? Het jy 'n droom, maar voel dit kan nooit uitwerk nie? Is jy soos 'n slaaf in gerief, maar onvergenoeg ook? Elke mens het 'n roeping – dikwels op een of ander manier gekoppel aan jou droom – wat is joune?

**Woensdag:** Probeer elke dag voor die dag jou gryp om stil te raak voor God. Identifiseer wat jy dink God waarneem oor jou. Kyk of jy toepaslike beloftes wat God aan die mensdom gemaak het, kan herroep. Daar is baie hulpmiddels – deesdae selfs via 'n Google soektog. Bring behoeftes wat jy beleef in lyn met God se beloftes. Is daar 'n getuigenis van God se insprake in jou lewe? Vertel ten minste vir een persoon van hoe God al in jou lewe betrokke was.

**Donderdag:** Luister of God nie dalk vir jou sê jy staan op heilige grond nie en dan soos met Moses vir jou versoek om iets te doen. Sien in die storie van Moses dat God 'n oplossing het vir al Moses se verskonings. Die Here deur sy Gees sal altyd vir jou inspireer om iewers betrokke te raak. Skryf neer wat jy dink jy hoor en mediteer daarvoor in gebed. Klaar uit met jou geloofsleier as jy onseker is. Gaan doen dan wat jy hoor die Here van jou vra...

**Vrydag:** Aaron, Moses se broer, het hom bygestaan. Onder meer aanbeveel dat hy sy leierskap en bestuur moet aanpas en nie alles self te probeer doen nie. Ons elkeen is individu en deel van 'n gemeenskap. God is ook ons Vader en ons sy kinders en Christus is ons hoof. Ons lewe dus op twee gelyklopende vlakke en beide is nodig. Wie is jou aardse hulp? Is jy byvoorbeeld deel van 'n kleingroepie as hulp en ondersteuning, neem jy deel aan gemeente en gemeenskap of is jy net teenwoordig sonder om die gawes wat jy gekry het uit te lewe?